Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

*IAFRFA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAE 3, 4, 5 en 6) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies versigtig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op ʼn NUWE bladsy.
5. Trek ʼn streep dwarsoor die bladsy na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die volgende koerantartikel en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.


**SUKSES? JY HET NIE IK NODIG NIE, JY MOET NET VASBYT.**

1. Sukses het niks met intelligensie te make nie en ook nie met sosiale intelligensie of gesondheid nie.

2. Dr. Angela Duckworth is ŉ sielkundige navorser aan die Universiteit van Pennsilvanië wat die "sielkunde van sukses" bestudeer. Volgens haar is daar net een belangrike ding wat ŉ mens nodig het: "grit". In Afrikaans kan ons dit deursettingsvermoë, vasbyt, deurdruk of sommer net op jou tande byt noem.

3. Voor sy ŉ sielkundige geword het, was Angela ŉ wiskunde-onderwyser. Dis waar sy begin belangstel het in dit wat ŉ kind op skool suksesvol maak.

4. "Ná vyf jaar van klas gee, was ek gefrustreerd dat ek nie die kinders kon kry om meer tyd aan hul huiswerk te spandeer nie," vertel sy. "En ek het opgelet dat ŉ mens se intelligensiekwosiënt nie die enigste verskil tussen die beste en swakste kinders in my klas was nie."




5. Sy wou weet wat dit is wat sommige mense vorentoe in die lewe druk. Sy het na mense in verskillende situasies gaan kyk en gevra: "Waarom is hy / sy suksesvol?"

6. Sy is na ŉ militêre opleidingsfasiliteit, na die Amerikaanse nasionale spelwedstryd en sy het selfs verkoopsmense en onderwysers wat in gevaarlike buurte woon, bestudeer om te kyk wie aanhou, wie opgee en wie die beste doen.

7. "In al daardie verskillende omgewings was daar een uitstaande karaktereienskap. Dit was nie sosiale intelligensie, ŉ mooi voorkoms, gesondheid of jou intelligensie-kwosiënt nie: dit was vasbyt," sê Angela.

8. Maar wat beteken dit om vas te byt?

9. Vasbyt beteken ŉ passie met baie langtermyn-doelstellings. Dit is om stamina te hê en om dag ná dag hard te werk: nie net vir ŉ week of vir ŉ maand nie, maar jare aaneen. Vasbyt is om te leef asof die lewe ŉ marathon en nie ŉ naelloop is nie."

10. Angela het ook na skole gegaan en gekyk of dieselfde vir skoolkinders geld. Hiervoor het sy ŉ "vasbyt-vraelys" opgestel waarmee sy kon bepaal of kinders deursettingsvermoë het of nie. Sy het gevind dat nie eens ŉ lae huishoudelike inkomste ŉ kind wat vasbyt, kon kniehalter nie.

11. Kinders wat 'n hoë vasbyt-uitslag gehad het, was meer geneig om skool te voltooi – selfs toe ek hulle aan elke moontlike ander ding gemeet het, insluitend huishoudelike inkomste, aanlegtoetse of hoe veilig hulle by die skool gevoel het.



12. Nog interessanter was haar bevinding oor talent: "Talent laat jou nie vasbyt of deurdruk nie. Daar is baie talentvolle mense wat nie by hul doelstellings hou nie."

13. "Elke dag vra onderwysers my: hoe bou ek my kinders se motivering om vas te byt en deur te druk? Die eerlike antwoord is, ek weet nie," sê Angela. Maar sy noem wel een ding: "growth mindset". Dit gaan oor die wete dat jou vermoë om te leer nie rigied is nie, maar dat jy kan groei en verander hoe meer jy probeer. "Wanneer kinders van die brein leer en hoe dit verander en groei as jy dit aan uitdagings blootstel, is hulle baie meer geneig om aan te hou probeer nadat hulle foute gemaak het, want hulle besef dat enige mislukking nie permanent is nie."

14. Almal, jonk en oud, moet maniere kry hoe om hulle vasbytvermoëns te kan verbeter.

15. "Ons moet ons beste idees en sterkste intuïsies volg, toets en bereid wees om te misluk, om verkeerd te wees en van vooraf te begin met die lesse wat ons geleer het. Met ander woorde, ons moet ook vasbyt om ons kinders meer deursettingsvermoë te leer."

[http://huisgenoot.com/kopskuif-onnies/sukses-jy-het-nie-ik-nodig-nie-jy-moet-net-vasbyt/]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**Aan'leg•toet•se.** s.nw. Toetse om te kyk of jy talent in 'n sekere rigting het.

**Deur'set•tings•ver•mo•ë.** s.nw. Om deur te druk en om iets klaar te maak wat jy begin het.

**Doel'stel•ling.** s.nw. Doel wat 'n mens voor oë het. *My doelstelling is om graad 12 te slaag.*

**Knie'hal•ter.** s.nw. Beperk, teenhou**.** *My swak Afrikaans kniehalter vordering op skool.*

**Na'vors•er.** s.nw. Baie goed ondersoek om feite te vind.

**Siel•kun 'di•ge.** s.nw. Iemand wat mense se siel behandel (kopdokter).

**Ver•mo'ë.** s.nw. Krag, waartoe jy in staat is. *Alles na my die beste wat ek kan doen*.

Kopiereg voorbehou 

**VRAE:**

1.1 Waar het dr. Angela Duckworth gestudeer? (1)

1.2 Gee TWEE Afrikaanse woorde (vertaling) vir die woord ***grit***. (2)

1.3 Wat is intelligensiekwosiënt se afkorting? (1)

1.4 Hoe beïnvloed intelligensie sukses? (1)

1.5 Waarna verwys "sosiale intelligensie" in paragraaf 1? (1)

1.6 1.6.1 Stem jy saam dat kinders wat in ŉ gevaarlike omgewing woon, nie vasbyt om ŉ sukses in die lewe te maak nie.

1.6.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 1.6.1. (1)

1.7 Kies die antwoord wat NIE korrekte is NIE. Skryf slegs vraagnommer en die letter (A–D) as jou antwoord.

Vasbyt beteken dieselfde as ...

A aanhou.
B volhard.
C deurbyt.
D deurdruk. (1)

1.8 Wat beteken die volgende stelling?

*Vasbyt is om te leef asof die lewe ŉ marathon en nie ŉ naelloop is nie.* (1)

1.9 Hoekom, dink jy, kan talent alleen jou nie suksesvol maak nie? Noem TWEE moontlikhede. (2)

1.10 Gee ŉ rede waarom kinders meer suksesvol is as hulle meer van die brein leer. Haal ŉ deel van ŉ sin (paragraaf 13) aan as bewys. (1)

1.11 Waarom moet ons bereid wees om in die lewe te misluk? (1)

1.12 Beskryf in jou eie woorde hoekom minder-intelligente kinders beter as intelligente kinders kan doen. (2)

1.13 Paragraaf 13 sê dat enige mislukking nie permanent is nie. Wanneer, dink jy, sal ŉ mislukking permanent wees? (1)

1.14 Watter EEN woord in die paragraaf 13 beteken dieselfde as openbaar? (1)

1.15 Hoekom het dr. Angela Duckworth by ŉ militêre opleidingsfasiliteit navorsing gedoen? (2)

1.16 Hoe kan sport help om deursettingsvermoë te ontwikkel? (1)
**[20]**

Lees die onderstaande advertensie goed deur en beantwoord die vrae wat volg.




[Verwerk: *Taalgenoot*. Herfs 2013]

**VRAE:**

1.17 Watter EEN woord in die advertensie sê dat kliënte niks vir die gebruik van die hulplyn betaal nie? (1)

“.. help

@out ...”

1.18 1.18.1 Het “help” in die bogenoemde uitdrukking ŉ denotatiewe of ŉ konnotatiewe betekenis? (1)

1.18.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 1.17.1. (1)

1.19 Wat moet kliënte doen om die toepassing te gebruik? (1)

1.20 Noem TWEE plekke waar die toepassing afgelaai kan word. (2)

1.21 Wat moet jy na 44687 SMS? (1)

1.22 Kies die antwoord wat pas. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

OUTsurance verskaf hulp vir probleme met jou (motor / motor en huis / huis) (1)

1.23 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer; bv. 1.22 E.

As jy nie ŉ OUTsurance kliënt is nie, mag jy ...

A die pad- en tuisbystand gratis gebruik.
B die toepassing gratis gebruik.
C die pad- en tuisbystand een keer gratis gebruik.
D gedurende naweke en skoolvakansies die toepassing gratis gebruik. (1)

1.24

Sê in jou eie woorde wat 

beteken. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

**INSTRUKSIES:** Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf SEWE wenke vir **gesonde eetgewoontes** neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**GOEIE EN GESONDE EETGEWOONTES.**

1. Ouers moet van ŉ jong ouderdom gesonde eetgewoontes by kinders aanmoedig. Gesonde eetgewoontes en oefening kan vetsug in kinders en volwassenes voorkom. Hier volg ŉ paar riglyne ten opsigte van gesonde eetgewoontes vir almal:

2. Dit is belangrik om jou dag met ŉ goeie ontbyt te begin. Studies toon dat mense wat ontbyt oorslaan, ŉ 21% groter kans het om diabetes te ontwikkel.

3. Jy moet gereelde maaltye eet. Sodra jy maaltye oorslaan, kan jou bloedsuiker val wat veroorsaak dat jou produktiwiteit verminder.

4. Korrekte porsiegroottes is baie belangrik. Indien jou porsies te groot of te klein is, is daar ŉ wanbalans in jou energie en voedingswaarde wat jy inneem. Dit kan jou lewenskwaliteit negatief beïnvloed.

5. Die inname van verfynde stysel moet beperk word. Dit sluit happies soos pasteie, kitspap, beskuitjies, pasta, beskuit en koekies in.

6. Jy moet elke dag vars groente en vrugte eet. Hierdie kosse bevat noodsaaklike vitamines, vesel en ook gesonde suiker wat belangrik vir ŉ gesonde leefstyl is.

7. Drink genoeg water; 6–8 glase is ŉ goeie riglyn. Daar is baie mense wat nie van water hou nie, maar mens kan aanleer om dit te drink.

8. Probeer om jou vetinname te beheer. Vet is belangrik vir jou dieet, maar te veel vet kan lei tot bloedvat- en hartsiektes.

9. Eet meer vis. Vis is ryk aan omega 3-vetsure wat baie goed vir enige mens se gesondheid is.

[Verwerk: *Lig*, Julie 2013]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Die vrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.




[Verwerk: *Huisgenoot*. 28 Maart 2013]

**VRAE:**

3.1 Voltooi die sin deur die korrekte antwoord te kies. Skryf slegs die vraagnommer (3.1) en die korrekte letter (A–D) neer.

Die funksie van die ellips aan die einde van die sin, "Ons het begrafnisversekerings- en begrafnisdiens-spesialiste wat wag om met jou te gesels ..." wys dat:

A mense wag dat iemand doodgaan.
B dit die feit beklemtoon dat die mense wag.
C dit geen betekenis het nie.
D die leser daaroor moet dink om wel ŉ spesialis te kontak. (1)

3.2 Voltooi die sin:

Die advertensie is ŉ voorbeeld van ŉ manipulerende teks. Dit manipuleer die leser om ... (1)

3.3 Waarom is die gebruik van die handgebaar funksioneel? (1)

3.4 Hoekom, dink jy, word die Engelse woord ***Cashback*** in ŉ Afrikaanse advertensie gebruik? (1)

3.5 Hoekom word die woorde EEN en DRIE in die advertensie groter gedruk as die ander woorde in die opskrif? (1)

3.6 Hoekom word daar deurgaans na:

3.6.1 Die eerstepersoon "ons" en (1)

3.6.2 Na die tweedepersoon "jy" in die advertensie verwys? (1)

3.7 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)

3.8 Hoekom, dink jy, word "*buitengewone*" in plaas van "*baie goed*" gebruik? (1)
**[9]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Die vrae wat volg, is op die strokies hieronder gebaseer.




[Aangepas: www.daniecronje.co.za.]

**VRAE:**

4.1 Neelsie sê dat hy nie ***Einstein*** is nie. (strokie 1, raampie 3)

4.1.1 Word ***Einstein*** hier letterlik of figuurlik gebruik? (1)

4.1.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.1.1. (1)

4.2 Wat suggereer die ellips (**...**) in strokie 1, raampie 1? (1)

4.3 Kies die woord om die GESEGDE korrek te voltooi. (strokie 4, raampie 10). Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

*Neelsie maak droog*, beteken ...

A dat hy water in die klas opdroog.
B dat hy baie stout is.
C dat hy ietsie verkeerd doen.
D dat hy die water op die banke moet opdroog. (1)

4.4 Hoekom word die woorde in strokie 1, raampie 2 in vetgedruk (*bold)* getik?

***Wil jy vir my sê jy weet nie wat 7 x 1 is nie??!! Ag nee, my maggies man!!*** (1)

4.5 Hoe weet ons, as ons na die seun se gesig kyk, dat hy geskok en bekommerd is oor wat gebeur het? (strokie 4, raampie 12) (1)

4.6 Hoekom, dink jy, het Neelsie vir Meneer tuisgemaakte fudge saamgebring skool toe? (strokie 3, raampies 1 en 3) (2)

4.7 As ons na Neelsie se liggaamstaal in die prentjies kyk, hoe weet ons dat Neelsie nie hardwerkend is nie? (strokies 1, 2 en 3) (1)

4.8 Wat beteken dit as Neelsie sê dat *hy wiskunde kan doen, maar nie die antwoorde kan kry nie*? (strokie 2, raampies 5 en 6) (1)
**[10]**

## VRAAG 5: PROSA

Die vrae wat volg, is op die grappies hieronder gebaseer.

(5.1) (Sin 1) **LAG-ʼn-SLAG!**
(Sin 2) **JY MOET ʻN SLAG LAG!**

(5.2) Jannie kyk hoe sy tannie poeier op haar baba gooi.
(5.3) Jannie: "Tannie moenie sleg voel nie; ons hond het ook (5.4) **baie** vlooie."

[http://herriemerrie.wordpress.com/sms-aasnes/lag-n-slag]

(5.5) Pa kyk hoe sy dogtertjie (5.6) **by die huis** met die hond speel en iets in Wagter se mond druk.
"Wat doen jy, my kind?" vra hy.
(5.7) "Ek borsel sy tande," antwoord sy. "Maar Pa hoef nie bekommerd te wees nie; ek sit altyd Pa se tandeborsel terug waar ek dit gekry het."

[*Huisgenoot*, 3 Oktober 2013]

(5.8) Hy is jaloers op sy ouers. Hulle sal nooit ʼn kind hê wat so (5.9) ***cool*** soos hulle sʼn is nie.

[*Huisgenoot*, 26 September 2013]

Toe ek ʼn kind was, (5.10) het ek gedink dat my naam *Bly Stil* was.

Huisgenoot, 31 Oktober 2013

Definisie van *guts*: ʼn Man wat dronk is, word laat die nag met die besem deur sy vrou ingewag en hy vra haar: (5.11) "Maak jy nog huis (5.12) **skoon** of vlieg jy iewers heen?"

[http://herriemerrie.wordpress.com/sms-aasnes/lag-n-slag]

Jannie skree om (5.13) (**help** / **hulp**): "My tweelingboetie is weg en ek kan nie onthou hoe hy lyk nie!"

[Verwerk: *huisgenoot.com_new/leefstyl/gesondheid_leefstyl*
Gepubliseer op 26/8/2013 in *Gesondheid, Leefstyl*]

5.1 Lees die sinne wat sin 1 en sin 2 genommer is.

5.1.1 Kies die opskrif wat vir jou die beste by die paragraaf pas:

Sin 1: Lag-ʼn-slag!
Sin 2: Jy moet ʼn slag lag!

5.1.2 Motiveer jou keuse in VRAAG 5.1.1 (1)

5.2 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Jannie kyk hoe sy tannie poeier op haar baba gooi. (1)

5.3 HERSKRYF die volgende sin deur die VOEGWOORD **want** met **omdat** te vervang. Skryf beide sinne volledig uit.

Tannie moenie sleg voel nie, **want** ons hond het ook baie vlooie. (1)

5.4 Gee die TEENOORGESTELDE van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Ons hond het ook (**<u>baie</u>**) vlooie. (1)

5.5 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Pa kyk hoe sy dogtertjie met die hond speel. (1)

5.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Pa kyk hoe sy dogtertjie (**by die huis**) met die hond speel. (1)

5.7 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM oor.

Die kind borsel Wagter sy tande. (1)

5.8 Skryf die volgende sin in die DIREKTE REDE oor.

Hy sê dat hy jaloers op sy ouers is.
Begin die sin so: Hy sê: "..." (1)

5.9 Gee die korrekte Afrikaanse woord vir ***cool***. (1)

5.10 Skryf die volgende sin in die TEENWOORDIGE TYD oor.

Ek het gedink dat my naam *Bly Stil* was. (2)

5.11 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE oor.

Die man vra vir sy vrou: "Maak jy nog huis skoon?" (2)

5.12 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Sy maak die huis (***skoon***). (1)

5.13 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Jannie skree om (**help** / **hulp**): "My tweelingboetie is weg en ek kan nie onthou hoe hy lyk nie!" (1)

**[15]**

## VRAAG 6: PRENT

Die vrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.




[Uit: https://www.google.co.za/search?q=afrikaans+cartoons]

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| T-hemp; | pik; | bril; | van; | dig; |
| bloes; | eet; | brille; | met; | dik. |

6.1 Die duiwe ... die kos op die grond. (1)

6.2 Die eekhoring praat ... die man. (1)

6.3 Die man het ’n ... op sodat hy beter kan sien. (1)

6.4 Die man het ’n ... onder sy baadjie aan. (1)

6.5 Die bosse agter die man, is baie ... (1)

6.6 Gebruik die onderstreepte woord in ’n sin sodat die woord ’n ander betekenis het.

Die man sit op ’n <u>**bank**</u>. (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**